

EK GLO…

APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS

Dr. Jean Strydom & Weila-Marie Strydom

Geskryf vir NG. Nelspruit-Suid

(2018)

Inhoudsopgawe

1. Apostoliese Geloofsbelydenis
2. Die ontstaangeskiedenis van die Apostoliese Geloofsbelydenis
3. Studie 1: Ek glo
4. Studie 2: Ek glo in God die Vader
5. Studie 3: Ek glo in Jesus Christus
6. Studie 4: Ek glo in die Heilige Gees
7. Studie 5: Ek glo aan ‘n heilige, algemene, Christelike kerk
8. Studie 6: Ek glo aan die gemeenskap van die heiliges
9. Studie 7: Ek glo aan vergifnis
10. Studie 8: Ek glo aan die opstanding van die vlees en ‘n ewige lewe

APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;

wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan ‘n heilige, algemene Christelike kerk,

die gemeenskap van die heiliges;

die vergewing van sondes;

die opstanding van die vlees en ‘n ewige lewe.

Die Ontstaansgeskiedenis van die Apostoliese Geloofsbelydenis

Sondag na Sondag bely Christene reg oor die wêreld tydens eredienste saam met die kerk deur die eeue hulle geloof in die woorde van die Apostoliese Geloofsbelydenis. Dié geloofsbelydenis vorm deel van die liturgie van baie kerke, veral kerke wat in die tradisie van die Westerse Christendom staan. Ook in gereformeerde kerke in Suid-Afrika het die Apostoliese Geloofsbelydenis in die liturgie neerslag gevind. Daarom is die woorde van hierdie geloofsbelydenis goed bekend.

Die Apostoliese Geloofsbelydenis (soms ook die Apostolicum genoem) vorm saam met die Geloofsbelydenis van Nicéa en die minder bekende Geloofsbelydenis van Atanasius die sogenaamde ekumeniese geloofsbelydenisse. Hierdie ekumeniese geloofsbelydenisse vorm saam met drie 16de eeuse gereformeerde belydenisskrifte, te wete die Nederlandse Geloofsbelydenis (1561), die Heidelbergse Kategismus (1563) en die Dordtse Leerreëls (1618-1619), die belydenisgrondslag van kerke van gereformeerde afkoms in Suid-Afrika.

Volgens die Duitse dogmahistorikus Adolf von Harnack was Maarten Luther waarskynlik die eerste persoon om die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicéa en die Geloofsbelydenis van Atanasius as ’n ekumeniese uitdrukking van die kerk se belydenis met mekaar te verbind.

Daar is veral twee redes waarom belydenisse in die verloop van tyd ontstaan het. Die eerste is die onderrig van nuwe bekeerlinge. Namate die Christendom gegroei het, het die behoefte al groter en dringender geraak om die nuwe bekeerlinge te onderrig in die ware leer van die Christelike geloof. In ag genome dat die Skrif soos ons dit het, en dan veral die Nuwe Testament, in die eerste paar eeue na Christus nog nie vasgepen was nie, asook die feit dat die Christene 'n vervolgde gemeenskap was, behoort dit duidelik te wees dat die vroeë kerk 'n manier moes vind om die leemte aangaande nuwe gelowiges te kon hanteer. In die verskillende areas waar die kerk ontwikkel en gegroei het, is nuwe bekeerlinge dus onderrig in die waarheid en tydens doopgeleenthede getoets alvorens hulle as volwaardige lidmate aanvaar is.

'n Tweede rede is natuurlik die ontstaan en groei in dwaalleer. Die kerk moes homself voortdurend beskerm teen die invloede van valse idees en filosofiese strominge, en moes so-ook die lidmate hierteen waarsku en leer. So is belydenisskrifte later gebruik as 'n antwoord op verskeie dwalinge. So byvoorbeeld is die belydenis van Nicea aanvaar as 'n antwoord op die dwaling van die Ariane, wat die godheid van Christus ontken het.

Daarom is dit belangrik dat 'n belydenisskrif slegs as sodanig aangeneem behoort te word indien dit in sy volle omvang die suiwer leer van die Skrif ondersteun, onderskryf, en weergee. Waar dit nie die geval is nie, mag dit nie belydenis wees nie.

Studie 1: Ek glo

"*Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie." (Hebreërs 11:1)*

"Faith is like electricity, you can't see it, but you can see the light!"

(anoniem)

Die sporadiese kragonderbrekings van Eskom, dryf my teen die mure uit. Ek is een van daardie mense wat sukkel om sonder elektrisiteit klaar te kom. Dit erken ek ruiterlik. Ek kan nie behoorlik funksioneer, sonder my ketel, my mikrogolfoond, my TV ens. nie! Alhoewel mens nie elektrisiteit kan sien nie, maak dit so 'n groot impak op ons daaglikse lewe. So ook met ons geloof. Die skrywer van die boek Hebreërs, beskryf geloof as iets waarvan ons oortuig is, sonder dat ons dit kan sien! Ons word deeglik bewus van die krag waaroor elektrisiteit beskik, wanneer ek my vinger in 'n kragprop druk! Tog is dit glad nie sigbaar nie. Geloof, maak ook 'n impak op ons lewens. Ons kan ook nie oor die weg kom, sonder dit nie. Ek kan persoonlik, nie my lewe indink sonder geloof nie. Dit is soms al wat vir my oorgebly het, al waaraan ek kon vashou. Geloof, in dit waarvoor ek gehoop het. Maar die beloning kom, wanneer jy die effek wat jou geloof het, kan sien. Soos elektrisiteit as sulks nie sigbaar is nie, sien ons wel die lig wat brand a.g.v. die krag wat daardeur vloei. So moet ons as Christene ook wees. Jy kan nie mense forseer om te glo nie, maar hulle kan sien wat die impak van geloof in jou lewe is. Wees jy ook 'n lig wat skyn, a.g.v. die krag van geloof, wat deur jou vloei! Om te glo, hou jy vas aan iets wat jy nie kan sien nie, iets waaraan jy nie kan vat nie. Maar dit is verseker daar. Dit is 'n magtige krag, waarop jy kan staat maak. Groei in jou geloof, glo in die krag wat jou geloof openbaar, en laat jou lig helder skyn.

Ons ontmoet mekaar:

- Vertel vir mekaar van iets waarvoor jy die afgelope week dankbaar is
- Loof en prys die Here vir julle saamwees en bid dat Hy julle in hierdie studie sal lei

Gesels saam:

- Gesels oor die konsep van geloof. Hoe verstaan jy geloof?
- Wat beteken dit vir jou om te glo?
- Ons begin met die studie oor die Apostoliese Geloofsbelydenis wat handel oor dit wat ons glo. Hoekom is dit vandag so belangrik om te weet en seker te wees wat jy glo?
- Wat maak dit vir jou moeiliker en makliker om te glo?
- Wat glo jy? Wat is jou persoonlike geloofsbelydenis?
- Lees Heb.11:1. Wat tref jou in die gedeelte?
    - Gesels saam oor die volgende woorde wat in die vers voorkom: seker wees, hoop en oortuig
    - Hoe sou jy hierdie vers in jou eie woorde omskryf?
- Lees Heb. 12:1-3. Wat tref jou in die gedeelte?
    - Die groot skare geloofsgetuies verwys na al die gelowiges van hoofstuk 11. Wie van hierdie geloofshelde staan vir jou uit en hoekom?
    - Wat is dit wat ons daarvan weerhou om die geloofswedloop met volharding te hardloop? Watter laste verhinder ons?
    - Wat sê die gedeelte moet ons doen ten einde ons geloofswedloop suksesvol te kan hardloop?
    - Wat beteken dit practise om Jesus voor oë te hou?
- Wie in jou lewe het ‘n baie groot invloed op jou geloofslewe gehad?
- Geloof is ‘n wedloop sê die skrywe. Watter ooreenkomste is daar tussen die twee?
- In Genesis 12 vind ons die bekende verhaal van Abraham. Wat was so besonders aan Abraham se geloof dat hy bekend staan as die vader van geloof?

Gaan wees ‘n Ligdraer van God

- Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsles hiervan uitleef ten einde ‘n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

- Hoor waarvoor julle nou kan bid en gedurende die week.

Studie 2: Ek glo in God die Vader, die Skepper van die hemel en die aarde

"Die God van Jakob is nie soos hulle nie, Hy is die Skepper van alles en almal. Israel is die volk wat aan Hom behoort. Die Here die Almagtige is sy Naam." (Jeremia 10:16)

Wanneer jy 'n eiendom koop en die plek uiteindelik in jou naam geregistreer is, word die kaart en transport aan jou oorhandig. Hierdie is die bewys dat die stukkie grond of die huis, nou aan jou behoort. Gelukkig word hierdie dokumente dadelik met registrasie aan jou oorhandig en hoef jy nie daarvoor te wag totdat jou huis twintig jaar later eers afbetaal is nie! Wanneer ek bely dat God die skepper van die hemel en die aarde is, oorhandig ek die eienaarskap, die kaart en transport van my lewe, oor aan my Hemelse Vader. Ek behoort in elk geval aan Hom, en niks wat ek het is in elk geval my eiendom nie. As gevolg van ons sondige natuur, leef ons soms onder die wanindruk dat ek is wat ek is, as gevolg van dit wat ek in my lewe bereik het. Is dit net deur my oulike slim planne en so tikkie geluk dat ek vandag hierdie suksesvolle persoon is. Wanneer jy erken dat die Here in beheer is van jou lewe, is jy nie veronderstel om meer so te redeneer nie. As jy die kaart en transport van jou lewe aan God oorhandig het, dan is niks meer jou eie nie. Word geen van jou besluite, meer geïsoleerd van God geneem nie. God het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak. Hy het die aarde en alles daarop gemaak, en Hy het die see en alles daarin gemaak. God het jou gemaak, jy is Sy kind. Jou lewe behoort aan Hom. Wanneer jy hierdie belydenis doen, is daar geen ruimte meer vir jou eie rigting inslaan nie, geen ruimte vir jou eie wil nie. As jy vandag sukkel om jou lewe se kaart en transport aan God te oorhandig, wil ek jou kom gerusstel. Ons hemelse Vader is die aangewese persoon om jou lewe mee te vertrou. Hy sal hierdie kosbare eiendom baie mooi oppas, suksesvol bestuur, en onderhou soos geen ander mens kan nie.

Ons ontmoet mekaar:

- Vertel vir mekaar van iets waarvoor jy die afgelope week dankbaar is
- Loof en prys die Here vir julle saamwees en bid dat Hy julle in hierdie studie sal lei

Gesels saam:

Noudat ons oor die beginsel van glo gepraat het kan ons verder kyk na die eerste deel van die geloofsbelydenis. Om dit makliker te maak moet ons dit opdeel in afdelings.

God die Vader

- Van al die name waarmee God beskryf word, is hierdie naam, ABBA (Vader) een van die gunstelinge. Terwyl Jesus op aarde was het Hy hierdie woord meer as 200 keer gebruik, soos aangeteken. Van Jesus se eerste woorde wat aangeteken was is, "...het u nie geweet dat ek in die huis van my Vader moet wees nie?" (Luk 2:49) en van sy laaste woorde was "Vader, in U hande gee Ek my gees oor" (Luk 23:46). In die evangelie van Johannes gebruik Jesus die woord Abba (Vader) 156 keer. Dis is so, dat die woordjie "vader" vir ons baie betekenis inhou.
- Wat beteken dit vir jou om te glo in God as die Vader?
- Wat leer jy van God die Vader vanuit Luk. 15:11-32?
- Watter eienskappe het God as Vader?

God as die Almagtige

- God staan nie net bekend as die Vader nie, maar Hy is ook die Almagtige. Hy word ook "El Shaddai" genoem, God die Almagtige. Een van die mooi gedeeltes is te vind in Psalm 91:1.
- Wat beteken dit vir jou om te glo in God as die Almagtige?
- Sien die wêreld Hom nog as die Almagtige? Motiveer.
- Dink jy ons leef nog asof God die Almagtige is, al bely ons dit?

God as die Skepper van die hemel en die aarde

- Genesis 1 is 'n baie bekende gedeelte. Elke mens is bewus daarvan. Die heelal is deur God geskep. Tog as ek na gesprekke luister en die sosiale media dophou en deur my kinders se skoolboeke blaai dan syfer die evolusieleer al hoe meer deur.
- Is die evolusieleer enigsens versoenbaar met die Skrif? Wat is die waarheid?
- Wat dink jy van Psalm 24:1-2 in terme van God as Skepper?
- Dink jy God is steeds besig om te skep of is die skepping tans soos 'n opgewende klok wat besig is om af te loop?

Gaan wees 'n Ligdraer van God

- Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsles hiervan uitleef ten einde 'n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

- Hoor waarvoor julle nou kan bid en gedurende die week.

Studie 3: Ek glo in Jesus Christus

Ek glo… in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.

Die naam “Jesus” is wêreldwyd bekend. As ons van Jesus die Seun van God praat, kan die meeste mense daarmee assosieer. Ongelukkig gebruik baie mense ook soms hierdie naam van die Seun van God op ’n informele en afbrekende wyse. Hul gebruik dit as ’n vloekwoord, ’n kragwoord of ’n woord waarmee hul bloot hul frustrasie te kenne gee. Hul vergeet hoe kosbaar en heilig hierdie naam eintlik is. Vir my en elke ander Christen, behoort die naam van Jesus die spil te wees, waarom ons lewe draai. Dit moet die naam wees, wat ten spyte van my moeilike omstandighede, steeds ’n glimlag na my gesig bring. Dit moet die naam wees, wat die wit vlaggie weer in ons huis laat wapper. Dit moet die naam wees, waarmee ek my grootste vyand trotseer en my enorme berg probleme mee stormloop. Maar wat maak hierdie doodgewone Joodse naam, so spesiaal en uitsonderlik? Hierdie kindjie wat op ’n baie besondere manier aan Sy mamma gegee is, dra hierdie baie besondere naam. Hierdie kind met die naam Jesus, is God, wat mens geword het. Hierdie naam beteken “die Here red”. Jesus is die redder van elke mens op aarde. Hy red ons van die spoke van ons sondige verlede. Hy red my van die alewige skuldgevoel wat my laat twyfel in my kindskap. Hierdie naam red my van die dood, dit verlos my van my skuldlas, en dit gee aan my die vryheid wat die genade van God bring. En die beste van alles is, hierdie naam bring nie net aan elke sondaar die verlossing nie, dit was ons ook skoon van die sondesmet. Die vuil merke van onreg, wat my Goddelike beeld skade aandoen. In die naam van Jesus, begin my roete, en eindig my reis. Hierdie eenvoudige Joodse naam, is die Hoop wat God na die wêreld gestuur het. Hierdie naam verteenwoordig die goeie nuus wat God aan elkeen van ons kom vertel. Is hierdie nie ook die mooiste naam wat jy al ooit gehoor het nie?

Ons ontmoet mekaar:

- Vertel vir mekaar van iets waarvoor jy die afgelope week dankbaar is
- Loof en prys die Here vir julle saamwees en bid dat Hy julle in hierdie studie sal lei

Gesels saam:

- Dink jy daar is "krag" in die naam "Jesus Christus"? Motiveer.
- Kom ons kyk na 'n paar teksgedeeltes wat hierdie deel van die belydenis ondersteun. Lees dit deur en gesels daaroor, vertel ook vir die ander watter gedeeltes tref jou die meeste en kyk watter elemente van die belydenis wat oor Jesus gaan lees julle raak.
    - Fil. 2:5-11
    - Kol 1:15-20
    - Heb 10:11-14
    - Kol 2:9-15
- Waaruit kan mens aflei dat iemand baie respek vir die Here het?
- Wat bedoel jy as jy bely: "En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here"
- Wie is Jesus vir jou? Is Hy maar net nog iemand of is Hy jou Here?
- Vertel vir mekaar hoe ons die belydenis "Jesus is die Here" beter kan uitleef.
- Hoe verskil "Jesus Christus die Here" van "Jesus Christus ons Here"? (Of: mý Here.)
- Wat (dink julle) is die verskil tussen mag en gesag (Kol 1:15-20)?
- Ons bely dat Jesus van die Heilige Gees gekom het en gebore is uit die maagd Maria…
    - Hoekom is die aspek van Jesus se lewe so moeilik vir mense om te glo?
    - Wat sê hierdie gedeelte oor Jesus se status.
- "…wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader"….Gesels oor die impak van hierdie belydenis op jou lewe.
- Watter verskil maak dit aan jou lewe, die feit dat jy al die dinge van Jesus Christus glo?

Gaan wees 'n Ligdraer van God

- Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsles hiervan uitleef ten einde 'n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

- Hoor waarvoor julle nou kan bid en gedurende die week.

Studie 4: Ek glo in die Heilige Gees

"God self het ons saam met julle op hierdie vaste grond gevestig: op Christus. God het ons vir Hom afgesonder, ons as Sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as waarborg van wat ons nog sal ontvang"(1Korintiërs 1:21-22)

Wanneer 'n man aan 'n meisie verloof raak, gebeur daar iets baie spesiaal. Ons vind twee mense, wat van nou af aan een gesamentlike lewe bou. Die hoogtepunt van hierdie gebeurtenis, is natuurlik die verloofring. Hierdie is die simbool van die toekomstige bruidegom se toewyding aan sy bruid, en hy gee dit ook as teken, dat hy baie ernstig is oor hierdie spesiale verhouding. Met hierdie ring beloof hy trou en is dit die sigbare teken, dat hierdie nooi aan hom behoort en dat al die ander belangstellende kêrels, liewer ander weiveld moet gaan soek. Met Jesus se hemelvaart, gee Hy ook aan elkeen van ons hierdie unieke simbool van Sy liefde. Hy gee aan my die Heilige Gees, sodat ek daagliks aan Sy liefde en toewyding herinner kan word. Sodat ek altyd sal onthou, dat hierdie belofte maar net die begin is. Dit dien as my waarborg, dat daar iets beter oppad is. Wanneer ek bely dat ek in die Heilige Gees glo, word hierdie lewe wat ons soms so stief behandel, meteens nie meer so sleg nie. Die sinneloosheid van die lewe, kry onmiddellik nuwe betekenis. Jesus het my lief, Hy sal my nooit vergeet nie. Hy is ernstig oor my en jou, en oor elkeen van sy kinders. Sy Gees leef in ons harte, en maak ons vry van die sonde. Die Heilige Gees stel ons in staat om die werk wat Jesus hier op aarde begin het, voor te sit. Hierdie geskenk wat Jesus aan ons gee, hierdie belofte wat Hy maak, dra ons deur die diep waters van die lewe. Al kan ek nog nie die volle glorie van my lewe saam met God geniet nie, het ek reeds 'n voorsmakie van wat op my wag. Al moet ek vir nog 'n ruk hierdie aardse pyn en lyding trotseer, weet ek dat die koms van die Here naby is. Hy het belowe om my te kom haal, en dit wat God belowe, dit doen hy

Ons ontmoet mekaar:

- Vertel vir mekaar van iets waarvoor jy die afgelope week dankbaar is
- Loof en prys die Here vir julle saamwees en bid dat Hy julle in hierdie studie sal lei

Gesels saam:

Indien jy bely dat jy in die Heilige Gees glo, dan is dit meer as om net te glo dat Hy bestaan. Dit beteken dat jy Hom ook toelaat dat Hy Sy werking in jou lewe kan doen.

- Hoekom dink jy glo so baie mense nie in die Heilige Gees nie? Wat maak dit vir hulle moeilik om te sê “Ek glo in die Heilige Gees”?
- Baie gelowiges bely saam dat hulle glo in die Heilige Gees, maar
- Hoekom dink jy maak mense nie gebruik van die Heilige Gees se werking in hulle lewens nie?
- Wanneer het jy vir die eerste keer meer oor die werking en invloed van die Heilige Gees geleer?
- Vertel vir mekaar wat jy weet van die Heilige Gees
- Hoe behandel jy die Heilige Gees, as’n besoeker of eienaar van jou lewe?
- Lees Joh 14:15-21 en gesels oor dit wat vir jou uitstaan
- Hoe kan ‘n mens meer bewus wees van wat die heilige Gees in ‘n mens se lewe wil doen?
- Lees Joh 16:5-15
    - Hoe dink jy gaan die Heilige Gees te werk om Christus te verheerlik?
    - Wat in die gedeelte staan vir jou uit?
- Tot watter mate help die Heilige Gees ons om Fil 3:8, 10 te laat waar word in ons lewe?
- Hoe verheerlik die Heilige Gees vir Christus in ons (gelowiges)?
    - 2 Kor 3:18
    - 1 Joh 2:6
    - Rom 8:29
- Hy verheerlik ook Christus deur ons
    - Hand 1:8

Gaan wees ‘n Ligdraer van God

- Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsles hiervan uitleef ten einde ‘n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

- Hoor waarvoor julle nou kan bid en gedurende die week.

Studie 5: Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk

"Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem."
(Kolossense 1:18)

Verskillende geloofsdenominasies bly 'n baie sensitiewe onderwerp! Wie se aanbiddingstyl is kwansuis "reg", en wie is nie heeltemal so "reg" soos wat hulle dink, hulle is nie? Ek het respek vir enige vorm van die Christelike geloof solank dit net die selfde Christus is, wat ons aanbid, en solank dieselfde riglyne wat ons in die Bybel vind, gevolg word. Die Woord van God is immers die enigste ware bron, van wat geloof moet en nie moet wees nie. Wanneer daar van die Skrif en die Bybelse waarhede afgewyk word, moet die rooi liggies dadelik begin flikker! Wanneer ons bely, dat ons in 'n heilige algemene Christelike Kerk glo, dan bely ons eintlik dat ons ook in Jesus glo. Jesus is immers die hoof van hierdie liggaam, en Hy is die hoof van die Kerk. So die verantwoordelikheid lê by elkeen van ons, om seker te maak dat die kerk waar ek kies om te aanbid, die heiligheid van Jesus respekteer. Ek moet seker maak, dat die kern van my aanbidding nie dalk op 'n onheilige manier geskied nie. Dit is nie altyd so eenvoudig nie, want soms word hierdie ongure aanbiddingsmetodes, baie mooi en sorgvuldig gekamoefleer. Soms word die evangelie op 'n geweldige emosionele wyse oorgedra, sodat ek nie anders kan as om opgesweep te voel nie. Dan gaan dit nie langer oor die inhoud van die preek nie, maar op die wyse waarmee die boodskap oorgebring word. Dit gebeur dan so maklik dat die inhoud van die boodskap verbloem word, deur die teatrale wyse van prediking. Wees versigtig daarvoor! Let fyn op na wat in jou kerk verkondig word. Is dit in lyn met wat die Bybel sê? Getuig die boodskap wat verkondig word, van God se almag en dat Hy steeds in beheer is, of is dit geneig om soms 'n bietjie van 'n persoonlike "ego-trip" te word?

Ons ontmoet mekaar:

- Vertel vir mekaar van iets waarvoor jy die afgelope week dankbaar is
- Loof en prys die Here vir julle saamwees en bid dat Hy julle in hierdie studie sal lei

Gesels saam:

- Laat elkeen vertel wat in 'n gemeente vir hom/haar baie belangrik is.
- Wat beteken die woorde vir jou as jy sê *"Ek glo aan 'n heilige algemene christelike kerk"*?
- Bespreek die stelling: “Die kerk is ‘n plek vir heiliges”
- Hoekom is dit vir “ongelowiges” so ongemaklik in ons kerke? Moet hulle ongemaklik voel? Waar moet ons verander indien dit die geval is?
- Wat kan ons doen om meer ongelowiges in te trek in die gemeente?
- Lees: Handelinge 2:27- 47
    - Direk na die eerste groot bekering het die gelowiges verenig in ‘n kerk, waarom was dit belangrik?
    - Wat tref julle van hierdie eerste gemeente?
    - In vers 41 kry ons 4 kernfunksies/aktiwiteite van die kerk en in vers 43 – 47 sien ons hoe dit by hulle gewerk het. Kyk of julle dit bymekaar kan bring.
    - As julle dan ons gemeente aan die 4 funksies meet, waar staan ons t.o.v. elkeen?
- Wat sal die kerk moet doen om vandag relevant te wees en te groei?
- Waarmee is die Here tans besig in jou gemeente?
- Watter positiewe bydrae kan jy in die gemeente lewer?
- Lees ook 1 Korintiërs 12:12-31
    - Hoe praat hierdie teks met elkeen van ons ten opsigte van ons plek en rol in die gemeente?
    - Laat elkeen sê watter gawes hy in elkeen van die ander in die groep sien

Gaan wees ‘n Ligdraer van God

- Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsles hiervan uitleef ten einde ‘n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

- Hoor waarvoor julle nou kan bid en gedurende die week.

Studie 6: Ek glo aan die gemeenskap van heiliges

"Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom." (Hebreërs 10:25)

Ek is ongelukkig nie iemand wat kan eet wat ek wil, en soveel ek wil, sonder om 'n verandering aan my lyf te voel en te sien nie. Hoe sê dit spreekwoord: "'n Minuut op die lippe, is 'n ewigheid op die heupe!" Nou ja, wat gemaak as my ellendige tuimeldroër al weer my klere laat krimp het? Gaan op *dieet*! Ja die gevreesde woordjie ken ons maar alte goed! Makliker gesê, as gedaan natuurlik. Gelukkig is ek nie alleen nie! Daar sal altyd nog iemand wees, wat ook met hul tuimeldroër sukkel! Die maklikste manier vir my om gewig te verloor, is om aan te sluit by 'n groep mense wat weekliks bymekaar kom. Daar weeg ons saam, vier ons die week se oorwinning en praat ons mekaar so bietjie moed in as die gewigverlies, nie so dramaties was nie. Te minste weet jy dat almal wat by die samekoms bywoon, presies weet waardeur jy gaan, en ook die nodige simpatie met jou sal hê, omdat hulle of reeds die paadjie gestap het, of huidiglik saam met jou sukkel. Met die gemeenskap van gelowiges, werk dit dieselfde. Ek gaan sukkel om op my eie die geloofsleer te klim. Om as 'n gemeente bymekaar te kom, is baie spesiaal. Ons is almal Christene, ons gaan almal gebuk onder dieselfde probleme. Ons word almal siek, en ons kry almal seer. Ons kan mekaar bemoedig en versterk, omdat ons weet wat die omstandighede is. Ons kan mekaar ondersteun as die iemand 'n geloofskrisis ondergaan. Op jou eie, het jy nie toegang tot hierdie ondersteunings netwerk nie, gaan jy nooit jou medegelowiges se ongelooflike getuienis aanhoor nie, en gaan jy nie weet waar God jou in sy kerk wil gebruik nie. Maak vriende met die mense in jou gemeente, stel belang in wat in hul lewe aangaan. Moet ook nie soos 'n oester toeskulp as iemand na jou uitreik nie, dis wat 'n Christen veronderstel is om te doen.

Ons ontmoet mekaar:

- Vertel vir mekaar van iets waarvoor jy die afgelope week dankbaar is
- Loof en prys die Here vir julle saamwees en bid dat Hy julle in hierdie studie sal lei

Gesels saam:

- Beskryf die beste vriend wat jy ooit gehad het. Wat het hierdie vriendskap betekenisvol gemaak?
- Dink aan die kerk. Watter eienskappe gee aan die kerk die gevoelsindruk van ‘n familie?
- Lees Romeine 12:9-16 (Vyf boustene vir Gemeenskap)
    - *Ons begeer ‘n plek waar ons in staat is om ons ware gevoelens te deel (eerlikheid); verskille word gerespekteer (verdraagsaamheid); ons word aangemoedig om geestelik te groei (wedersydse aanspreeklikheid); ons spandeer tyd saam om mekaar te leer ken (gasvryheid); en ons word ondersteun in ons roeping en word aanvaar, ondanks ons swakhede (eenheid). Die Christelike lewe behels meer as glo; dit sluit ook samehorigheid in. God wil hê dat jy deel van Sy familie moet wees om verhoudings te bou wat diep, bevredigende en betekenisvolle gemeenskap met ander behels.*
- *Lees 1 Timoteus 3: 14, 15. In die Bybel word die kerk as ‘n familie beskryf. Watter eienskappe van gesonde families sou waar wees van gesonde kerke of groepe?*
- Die Bybel sê in Prediker 4:10 “As die een val, kan die ander hom ophelp. Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op te help nie.” Kan jy getuig van ‘n tydperk in jou lewe waar medegelowiges jou ondersteun, bemoedig of in ‘n behoefte voorsien het?
- In Romeine 12:9-16 het jy geleer dat daar vyf boustene is vir ware gemeenskap. Watter een is sterk in julle groep of kerk? Watter een vind jy die uitdagendste?
- Lees 1 Tessalonisense 5: 11, Hebreërs 3: 13 en Hebreërs 10: 25. Watter praktiese voordele van bemoediging kom uit hierdie verse na vore? Wie het as ‘n bron van bemoediging in jou lewe gedien?
- Lees 1 Kor. 12:1-11
    - Gesels oor die gedeelte en hoe dit in verband gebring kan word met “die gemeenskap van die heiliges”

Gaan wees ‘n Ligdraer van God

- Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsles hiervan uitleef ten einde ‘n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

- Hoor waarvoor julle nou kan bid en gedurende die week.

Studie 7: Ek glo in die vergewing van sondes

"Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes." (Kolossense 1:13)

Wanneer mens verjaar is dit altyd lekker om 'n geskenkie te ontvang. Vir my is 'n geskenkbewys van 'n inkopiesentrum, die heel beste geskenk wat ek kan kry. Hierdie koevertjie is steeds 'n geskenk, maar dit stel my in staat om enige item van my keuse, te koop. Met Jesus se kruisiging gee Hy ook 'n baie kosbare geskenk, aan elke mens op aarde. Hy gee aan ons die waarborg dat as ons in Hom glo, berou het oor ons sonde en om vergifnis vra, ons onmiddellik vergewe word vir ons wandade. Hy gee aan ons die grootste geskenkbewys ooit en die beste van alles, daar is geen limiet op wat ek mag spandeer nie en dit verval nooit nie. Hierdie geskenk mag ek vir enige iets aanwend. Ek word geensins beperk vir watter sonde ek hierdie vergifnis mag gebruik en vir wat nie. Geen sonde is te groot en onvergeeflik, dat ek nie daarvoor vergifnis sal ontvang nie, al dink ek dalk anders. Al wat ek moet doen, is om Jesus as my verlosser aan te neem. Ek moet erken dat Hy aan my hierdie geskenkbewys gegee het, ek moet dankbaar wees dat Hy met sy eie bloed hierdie kosbare geskenk vir my gekoop het. Gebruik jy hierdie geskenk van jou, of lê dit onaangeraak in 'n kas? Dring jy steeds aan op ander "nuttelose" geskenke terwyl die een wat werklik saak maak, reeds aan jou gegee is? Wanneer ek bely dat ek in die vergifnis van sondes glo, dan moet ek ook so leef. Dit is so maklik om keer op keer oor my eie skuldgevoelens te struikel. Maar wanneer ek hierdie sondes bely het, moet ek dit nie langer onder my vlerk koester nie. Ek moet dit op die ashoop gooi. As jy in opregtheid om vergifnis vra, word jy vergewe. Jesus het gesterf sodat ons vry kan leef, sodat ons, ons geskenkbewys enige plek en enige tyd kan gebruik. Glo dit en gebruik dit. Moet nooit daaraan twyfel nie!

Ons ontmoet mekaar:

- Vertel vir mekaar van iets waarvoor jy die afgelope week dankbaar is
- Loof en prys die Here vir julle saamwees en bid dat Hy julle in hierdie studie sal lei

Gesels saam:

- Wat verstaan jy onder die begrip vergifnis?
- Watter elemente dink jy is nodig in 'n vergifnisproses?
- Wat gebeur as jy nie vergewe nie?
- Los vergifnis altyd alles op?
- Watter gevolge het dit op 'n mens as jy nie vergewe nie?
- Stelling bespreek: "Vergifnis skep 'n toekoms"
- Hoe weet jy as jy gereed is om te vergewe?
- Hoekom is dit belangrik om jouself te vergewe?
- Keur 'n mens slegte goed goed indien jy vergewe
- Bespreek die volgende aanhalings:
    - CS Lewis: ”Om ‘n Christen te wees beteken dat jy bereid is om onverskoonbare dinge in ander te vergeef, omdat Christus die onvergeeflike in jou vergewe het.”
    - Augustinus: “Glo my, die genot van vergifnis is groter as die van wraak.”
- Die kruis is ’n simbool van dubbele vergifnis. God wat ons vergewe en ons wat mekaar moet vergewe....bespreek dit
- Bespreek Luk 11:15-32 aan die hand van vergifnis.
- Lees Matt 6:14. Wat tref jou in die gedeelte in terme van vergifnis?
- Lees Matt. 18:21-35. Wat tref jou in die gedeelte itv vergifnis?
- Lees Ps. 51 en praat oor die besondere perspektief van vergifnis wat daarin voorkom

Gaan wees ‘n Ligdraer van God

- Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsles hiervan uitleef ten einde ‘n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

- Hoor waarvoor julle nou kan bid en gedurende die week.

Studie 8: Ek glo in die opstanding van die vlees en 'n ewige lewe

"Toe sê Jesus vir haar: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook" (Johannes 11:25)

My oudste seun is doodbang vir 'n inspuiting. Dan praat ek nie eers van bloed trek nie! Hy skop en spartel so, dat die arme suster haar storie moet ken as sy enigsins van sy bloed wil hê. Die enigste manier hoe ons hom so ver kan kry om sy arm vrywilliglik uit te steek, is as hy 'n roomys na die tyd belowe word. Ja, ek weet die kundiges sal nie hierdie ouerskap metodes van my goedkeur nie, maar wat gemaak as boetie eenvoudig vir niks anders te vinde is nie? Bloed trek en inspuitings is vir die meeste mense 'n nagmerrie, ongeag hoe oud jy is. Net so is die dood en wat uiteindelik daarna met ons gaan gebeur ook vir baie mense 'n bron van bekommernis, ongeag wat jy sê. Sou dit net vrees vir die onsekerheid wees, of is dit bloot uit onkunde? Vergeet ons nie partymaal, dat iets veel beter na die pyn en lyding belowe word nie? Ons lees hier van Jesus wat hardop bevestig, dat Hy die opstanding en die lewe is. As ek in Hom glo sal ek lewe, al sterwe ek ook. Ons hoef nie die dood te vrees nie, want ons deel ook in Sy opstanding. Jesus wag vir ons aan die anderkant. Hy is die heerlike troos wat die aardse struweling en hartseer die moeite werd maak. Hy is die belofte dat daar ten spyte van al die lyding vir ons iets beter wag. Hierdie lewe is nie die "be-all-and-end-all" nie. Jesus is die Christus, die hemelse Koningskind wat mens geword het. Die Seun van God, wat die dood oorwin het. Die Verlosser wat ons losmaak van dit wat skeiding bring tussen ons en God. Jesus se opstanding, breek finaal die fataliteit van die dood. Dit breek die houvas wat die sonde oor ons het. Omdat ek glo, word ek vrygemaak van al die kettings wat my bind. Hierdie lewe is net tydelik, dit is verganklik. Die dood is nie die einde nie, daar wag iets veel beter. Daar wag vir ons 'n nuwe lewe, saam met Jesus.

Ons ontmoet mekaar:

- Vertel vir mekaar van iets waarvoor jy die afgelope week dankbaar is
- Loof en prys die Here vir julle saamwees en bid dat Hy julle in hierdie studie sal lei

Gesels saam:

- Hoe verander dit ‘n mens se lewe as jy glo of NIE glo in die ewige lewe nie?
- Watter emosie(s) ervaar jy wanneer jy dink aan die dood?
- Hoekom is meeste mense bang vir die dood? Dink aan ’n paar redes
- Wat dink jy van die volgende aanhaling: “die lewe is niks anders as ’n groot geraas tussen twee onbegryplike stiltes nie” – glo jy dit? Hoekom/hoekom nie?
- Hoe lyk jou idee van wat die ewige lewe is?
- Waarna sien jy alles uit van die lewe ná die dood?
- Lees: Opebaring 5:13,14
    - Probeer julle indink hoe dit gaan wees as jy die heerlikheid van God die eerste keer fisies gaan sien en beleef. Sê vir mekaar hoe dit gaan wees en wat julle gaan doen.
- Lees: Openbaring 21:1-8
    - Waar in hierdie gedeelte praat die Here met jou? Watter woorde of frases spring vir jou uit?
    - Gesels met mekaar oor al die implikasies van vers 5.
    - Watter dinge (geïmpliseer in vers 4) sal jy baie bly wees wat nie in die hemel sal wees nie?
- Hoe kan ons seker wees dat ons dié heerlikheid gaan beërf?
- Wat beteken dit vir jou om die ewige lewe te hê?
- Wanneer die Bybel met ons oor ons groot toekoms praat is dit nie maar om ons nuuskierigheid tevrede te stel nie, maar om ‘n verskil te maak aan ons lewe hier en nou. Waar sien julle hierdie stelling in die verse hier bo?
- Wat wil jy in jou lewe verander in die lig van vandag se gesprek?
- Adissionele tekste vir verdere studie
    - 1 Kor 15:12-28 ; Joh 11:25; Rom 6:8-11

Gaan wees ‘n Ligdraer van God

- Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsles hiervan uitleef ten einde ‘n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

- Hoor waarvoor julle nou kan bid en gedurende die week.